
Wat is
GELOOF?

Wat is
GELOOF?

HERBERT W. ARMSTRONG

Hierdie boek mag nie verkoop word nie.

Dit is 'n gratis opvoedkundige
diens in die openbare belang.

© 1952, 1971, 1972, 2003, 2011 Philadelphia Church of God
All Rights Reserved

© 2018 Filadelfia Kerk van God
Afrikaanse afgeleide vertaling
Alle Regte Voorbehou

Gedruk in die Verenigde State van Amerika
Skrifgedeeltes in hierdie publikasie word vanuit die 1953
Afrikaanse Vertaling aangehaal, tensy andersins vermeld.

Miljoene ontbreek die geloof om
antwoorde op hulle gebede te ontvang-
om hulle gedagtes te bevry van vrese en
bekommernisse. Tot 'n groot mate is dit
weens 'n gebrek aan begrip, van wat geloof is.
Lees hierdie eenvoudige en tog deeglike
verduideliking van die onderwerp.

Deel 1

Wat Is Geloof?

DIE HELE WÊRELD ONDERVIND STUIPTREKKINGS, TER voorbereiding tot 'n geweldige gebeurtenis. Hierdie huidige wêreld ineenstorting, met wêreld ekonomiese ineenstorting, sosiale onrus, godsdienstige verwarring, is bloot die WAARSKUWINGSTEKEN dat die EINDE VAN die huidige beskawing hier is. Die Wederkoms van Christus, om 'n nuwe orde van wêreldvrede op aarde te vestig is *naby*-baie nader as wat mense dink!

ENIGE GELOOF VANDAG?

En terwyl Hy van sy eie wederkoms op aarde gepraat het, het Jesus self profeties gevra:

“Maar as die Seun van die mens kom, *sal Hy...geloof op die aarde vind?*”

Toe Jesus hierdie woorde geuiter het, het Hy in die toekoms ingekyk-*in ons huidige geslag* wat Hy duidelik voorsien het. En, omdat Hy die bykans totale afwesigheid van GELOOF in ons tyd voorsien het, het Hy die vraag gevra!

Die wêreld het sekerlik ware GELOOF bykans uit oog verloor. Geen wonder so min het enige nie-geen wonder so baie sê, “My geloof is nie baie sterk nie”-of, “Ek kan net nie die geloof opwerk nie.” Mense vandag weet nie wat geloof is, of *waarom* hulle dit nie besit nie. Tog, sonder GELOOF kan niemand selfs gered word nie!

JESUS HET GELOOF GEHAD!

Toe Jesus op aarde in menslike vlees gewandel het, het Hy geloof gehad!

Tog het Hy duidelik gesê, “Uit my eie, kan ek NIKS doen nie!”

Baie min besef dat dit wat Hy gedoen het—die wonderwerke wat Hy verrig het—het Hy nie gedoen deur enige bonatuurlike krag van sy eie nie. Alles wat Hy gedoen het, elke wonderwerk wat Hy verrig het, was letterlik deur GELOOF gedoen, wat vir ons ‘n pragtige voorbeeld stel.

Maar hoe, dan, het Hy sy wonderwerke verrig, sy magtige werke uitgevoer?

“Die VADER wat in My bly,” het Jesus verduidelik, “Hy doen die werke.”

Ja, selfs soos ek en u mag wees, was Jesus gevul met God se Heilige Gees—God se dinamiese bonatuurlike KRAG! Hierdie krag van God Almagtig, die Skepper, was letterlik *in* Jesus; *en dieselfde identiese krag van dieselfde identiese lewende God mag binne u wees vandag!*

Al die apostels en evangeliste van die eerste-eeuse ware Kerk van God *het* wonderwerke gedoen, en selfs *groter* wonderwerke as wat Jesus gedoen het, totdat selfs die *skaduwee* van Petrus wat oor die siekes en verdruktes gegaan het, hulle gesond gemaak het!

Petrus, Stéfanus, Filippus, Paulus—almal algemene, nederige, gewone manne hulself—*almal het daardie krag gehad, DIESELFDE* identiese krag wat Jesus gehad het, *want hulle het NABY AAN GOD geleef en gewandel en was met die Heilige Gees gevul!*

En ons blyk daardie krag te ONTBREEK vandag, NIE omdat God ons daardie krag ontken nie, maar *omdat ons so naby aan ‘n moderne materialistiese wêreld is*—ons gedagtes is so gevul met *materiële* belange van *hierdie* lewe; ons gedagte en ons harte is *so ver van God*; ons is so uit voeling met Hom, weens gebrek aan genoeg *tyd* spandeer in die bestudering van sy Woord en die gebrek aan genoeg van die *regte* soort onvoorwaardelike oorgawe, onderdanige, ernstige en hartverskeurende GEBED—en gevolglik, omdat ons is *nie* met die HEILIGE GEES gevul is nie!

So laat ons nou twee vrae vra:
 Eerstens, wat is geloof?
 En tweedens, hoe mag ons dit hê, en hoe mag dit *vermeerder*
word?

WAT GELOOF IS

Let nou op, geloof is die *vaste vertrouë*—die sê “VERSEKERING”—op die dinge *waarop ons hoop* (Hebreeërs 11:1). So GELOOF kom *voor* besitting.

Nadat u die *besitting ontvang* het, *hoop* u nie langer daarvoor nie. Maar selfs voordat u dit ontvang, het u dit in VASTE VERTROUË; en daardie vaste vertrouë—daardie VERSEKERING dat u dit *sal besit*—is GELOOF.

Dan weer, geloof is ‘n BEWYS—die “bewys van dinge wat ons *nie sien nie.*” Geloof *gaan* die werklike ontvang van dit wat u vra, *vooraf*. En geloof is die BEWYS U *sal* dit hê, *voordat* u dit selfs SIEN. Dit is die BEWYS van dinge *nog nie gesien nie*. U *het* dit nie. U *sien* dit nie, of *voel* dit nie—tog geloof is u BEWYS dat u dit het, of dit sal hê. Geloof is die vaste vertrouë—die VERSEKERING—van ontvangs van dit waarvoor u nog HOOP.

HOE OM TE WEET U IS GENEES

So, ek wil hê u moet oplet dat wanneer u vir dinge *hoop* of God vir dinge *vra*, is daar GETUIENIS—‘n bewys want, waar God betrokke is, is Sy getuienis ‘n bewys—dat u sal ontvang wat u gevra het. En wat is daardie bewys—daardie versekering? Is dit die werklike *ontvangs* van die antwoord, sodat u sien, of voel, of hoor dat u dit het? Nee!

Veronderstel, byvoorbeeld, u was siek—u het ‘n siekte. Nou Jesus het die siekes voortdurend gesond gemaak. En, Hy het gesê, die werke wat Hy gedoen het—en hierdie is een van hulle—moet ons ook doen. Veronderstel nou u vra God om u *gesond* te maak. Natuurlik, u wil ‘n paar *bewyse* hê dat u gesond gemaak gaan word.

So wat is daardie versekering, daardie bewys? Is dit die bewyse van die pyn wat ophou—of die swelling wat afgaan—iets wat u kan *voel*, en *sien*? Ek ken ‘n man wat gesê het, “Wanneer

ek kan sien dat iemand deur direkte gebed gesond gemaak is, dan sal ek daarin glo.” Hierdie man het gesê dat hy daarin wil glo—hy wou GELOOF daarin hê! Hy was opsoek vir BEWYSE wat hy kon SIEN—en hy het gesterf sonder dat hy dit ooit gesien het!

Want wat ons SIEN—wat ons VOEL—is nie die ware BEWYSE nie. Om die ding te besit—dit te SIEN—is nie geloof nie. Geloof gaan besitting vooraf, want GELOOF is *vertroue*—*VERSEKERING*—dat u sal besit.

Die menslike verstand, kan KENNIS slegs natuurlik, deur die vyf sintuie ontvang. Hierdie is die enigste vyf kanale in staat om kennis, deur natuurlike prosesse, na die menslike verstand te stuur. Die sintuie van gesig, gehoor, ruik, smaak, gevoel.

Maar dit is nie GELOOF nie! Geloof is ’n *geestelike* saak, en het niks met die vyf sintuie, wat *fisies* is, te doen nie.

Gebed is ’n *geestelike* saak. God is ’n GEES! En wanneer ons vra, byvoorbeeld, vir genesing, het ons ’n bewys—*positiewe* bewys—dat die genesing *gedoen sal word*; maar daardie bewys is nie iets wat gesien, of gevoel, of gehoor word nie—dit is nie ’n *fisiese* bewys nie—dit is eerder die *geestelike* bewys van GELOOF. Geloof is ons bewys.

‘N ONGEWONE VERHOOR

Laat ons ’n verhoor in ’n hofsaal uitbeeld. Dit is ’n vreemde—’n mees *ongewone*—verhoor, want die Een wat *verhoor* word, is niemand anders as GOD ALMAGTIG nie! En u, uself, sit as REGTER en JURIE. Die prokureur vir die vervolging is u menslike natuur. Die prokureur vir die verdediging is die Heilige Gees. God word van *leuens* beskuldig—of *ontrouheid*—van die verkryging van dinge meer waardevol as geld onder valse voorwendsels! God word beskuldig van opsetlike *nie*-betaling van.

U, nou sittende as regter en jurie, het God se gebod en geskrewe BELOFTE, vir u fisiese *gesondmaking* wanneer u siek is, in Jakobus 5:14, gelees. U het vir genesing gebid, volgens God se geskrewe belofte. U het God se instruksies gevolg en die ouderlinge van die Kerk ontbied, wie oor u die gebed van geloof gebid het en u met olie gesalf het.

Die prokureur vir die vervolging, u menslike natuur, wat God probeer skuldig bevind daaraan dat u trou onder valse voorwendsels verkry is—van die verbreking van sy kontrak—van *leuens*—bied voor u, as regter en jurie, sy *bewyse* aan.

“My bewyse,” sê u natuur, “is letterlik, tasbare bewyse wat *werklik* is—bewyse wat u kan *sien* en *voel*. U kan self sien dat u nie genees is nie. Die pyn is steeds daar! In werklikheid, miskien het dit erger geword! God het u ‘n *geskrewe belofte* gegee, so seker soos enigiemand wat ooit ‘n gegee het. U het aan al sy voorwaardes voldoen. U het gebid. U het die ouderlinge van die Kerk ontbied, en hulle het gebid. U het *geglo!* Maar u kan nou *my* bewyse *sien*—u kan *my* bewyse *voel*—u ly steeds—*u is nie genees nie!* Dus God *het u nie genees nie!* God het nie sy Woord gestand gedoen nie. God se Woord, die Bybel, het vir u gelieg. God het *GEFAAL!* My bewyse is wat u duidelik *sien* en *voel!* U *is nie genees nie.* Daarom eis ek dat u ‘n uitspraak van *SKULDIG* maak!—skuldig in die *eerste graad*—ek eis dat u Almagtige God *SKULDIG* bevind aan leuens, van die verkryging van u trou onder *valse voorwendsels*, van die nie-uitvoering *wat Hy in sy geskrewe belofte beloof het nie.*”

Maar nou praat die prokureur vir die verdediging—God se Heilige Gees—sag, kalm, met u.

Hy sê aan u: “Ek bied nou *MY* bewyse aan dat God se Woord *WAAR* is—dat God *getrou* is—dat God *nie kan lieg nie.* My bewyse is *nie* enigiets wat u kan sien of voel nie. My bewyse is eenvoudig *GELOOF*—geduldige *vertroue* in die waarheid van God se Woord. Dit is *onmoontlik* vir God om te lieg. My bewyse is u *GELOOF* in daardie feit, en in Sy belofte. En *GELOOF* is die bewys van dit wat *nie gesien of gevoel word nie!*”

“Laat ons die saak hersien om duidelik te sien wat gebeur het. Laat ons duidelik verstaan waar u menslike natuur die kwessie vertroebel en u *mislei* het. God het vir u gesê, in Eksodus 15, dat Hy u geneesheer is—u *GOD-geneser*—dit is een van sy *name*, en God word genoem *wat Hy is.* God het sy Seun na die wêreld gestuur om ge gesel te word, om die straf vir u oortredings van die natuurwette, *in u plek*, te *verduur*—Sy liggaam was vir u gebreek, en deur Sy wonde, *word u genees!* God het u sy woord gegee dat dit Sy *wil* is om u te genees. Hy het u beveel om die ouderlinge van die Kerk te ontbied, wat u gedoen het. Hy het *beloof* om u te genees. Maar God het dit ook deel van hierdie kontrak gemaak, *in sy Woord*, dat ‘*volgens u geloof*, laat dit wees’—in dieselfde woorde van Christus!

“Nou *GELOOF* is u bewys dat God *sal* doen wat Hy beloof het. U kan nie *geloof sien* nie—u kan dit nie *voel* nie. Wat u sien

of voel het niks met geloof te doen nie. Maar die punt wat u menslike natuur wil hê u moet miskyk is dat *God het nie belooft* WANNEER, of HOE, *Hy u sou genees nie!*

“God se doel in u lewe is om u van wat u was, te omskep in dieselfde *beeld van sy Seun*—in dieselfde *karakter van God self*. Deel van hierdie karakter is die aanleer van GEDULD! En God gee u opdrag, in Jakobus1:3, dat die *beproeving* van u geloof GEDULD (lydsaamheid) in u karakter bewerk. God het aan u openbaar in hierdie en ander Skrifgedeeltes dat Hy soms u genesing sal *vertraag ten einde u geloof te* BEPROEF en om u te leer om *geduldig* te wees! U genesing, het God belooft, sal wees *volgens u geloof*.

“Geloof is om God te vertrou, om te doen wat Hy *nog nie gedoen het nie*. Na die genesing voltooi is, *het u nie meer nodig om geloof te beoefen nie*. *Geloof* is die bestanddeel wat u moet beoefen *totdat* God u genees—*totdat* u kan sien en voel dat u genees is. *Nadat* God u genees het, het u dan nie langer GELOOF in dit nodig nie, maar u *geloof* moet ferm en standvastig bly, en geduldig, *ongeag wat u sien of voel, totdat* God u werklik genees, *soos Hy belooft het om te doen*.

“Nou die prokureur vir die vervolging, in hierdie geval u menslike natuur, wil hê u moet glo dat *geloof* iets is wat u omtrent 30 sekondes lank beoefen, terwyl u steeds bid, en indien God nie gedoen het wat Hy belooft het so vinnig soos u dit verwag nie, u God dan aan *leuens* moet skuldig bevind. Die oomblik wat u toegee aan die *duiwel se* invloed oor u menslike natuur en ‘n uitspraak lewer dat God *nie sal* doen wat Hy belooft het nie, net omdat Hy dit *nog* nie gedoen het nie—daardie oomblik wat u God ‘n leuenaar uitmaak—verloor u alle GELOOF in God; en verbreek u daarop *u deel* van die ooreenkoms, wat is om *geloof te hê en aanhou om geloof te hê*, God te vertrou, en *op Hom staat te maak*, TOTDAT Hy uitvoer wat Hy belooft het.

“Geloof is eenvoudige *vertroue* in GOD SE WOORD. Dit is die bewys van wat u *nie sien of voel nie*. “Daarom versoek ek u om *geduld te hê—om aan te hou om GOD TE VERTROU, totdat* Hy u genees, en dan *sal HY* u genees! Ek versoek u om God *onskuldig* te bevind as leuenaar—ek versoek u om HOM GETROU aan sy beloftes te bevind, en dan *sal* u hulle ontvang.”

Die bewyse is nou alles in. U sal nou die UITSPRAAK lewer!

U moet u uitspraak maak gebaseer op die *bewyse*.

Wat, is nou, die bewyse wat u glo? Dit wat u kan sien en voel—die fisiese bewyse wat dikwels misleidend is—of u *geloof* dat God se Woord waar is, dat sy beloftes *seker* is, dat dit onmoontlik is vir God om te lieg?

As u hierdie laasgenoemde *geestelike* bewyse GLO, en die fisiese bewyse van sig en gevoel verwerp, u uitspraak lewer dat sy *Woord deur u uitspraak VERDEDIG* is—sal u van die siekte VRYGESTEL word, en wat Hy beloop het, *sal* uitgevoer word.

Maar, as u besluit dat die fisiese bewyse van sig en gevoel bo en behalwe die Woord van ALMAGTIGE GOD vertrou moet word—en u sy Woord en sy belofte *verwerp*, en weier om daarin te *glo*—weier, met ander woorde, om die bewyse van GELOOF te aanvaar en te vertrou *totdat* God dit uitvoer, dan moet u self u uitspraak lewer, “NIE GENEES NIE,” en dan sal u nie genees word nie!

U sien, God *beloop* nie genesing, of enigiets anders, tensy ons GLO nie. “Laat dit vir julle wees volgens julle GELOOF” het Jesus gesê. En onthou dat GELOOF moet *voorafgaan*, en is daarom ‘n *voorwaarde* tot, die besitting.

Een man het dit baie goed uitgedruk: GELOOF is die *versekering* dat die dinge wat God in sy Woord gesê het *waar* is: en dat God *sal handel* volgens dit wat Hy in sy Woord gesê het. Hierdie versekering, hierdie *vertroue* in GOD SE WOORD, *hierdie vertroue*, is GELOOF! En dit is ‘n ware Bybel definisie. Hierdie Werk van God is gebou deur dit in werklikheid toe te pas!

LEER GOD SE WIL

Onthou, *wat ook al* u nodig het, die eerste ding om te doen, om seker te wees om ‘n *antwoord* op u gebed te ontvang, is om die *Skrif te deursoek*, om te *leer* of dit GOD SE WIL is (Efésiërs 5:17; 2 Timótheüs 3:14-17).

Die Bybel *openbaar* God se wil. Ons hoef *nooit* te sê, “Wel, ek weet GOD *kan* my genees AS DIT SY WIL IS.” U kan Sy wil *weet*. En sover dit genesing betref, kan ek u definitief vertel dat Sy Woord duidelik en uitdruklik sê dat dit Sy wil is. Die Bybel is vol *beloftes*—letterlik VOL van hulle. As u enigiets *nodig* het, studeer om te sien of God dit *beloop* het, en as Hy het, KAN HY NIE ‘N BELOFTE VERBREEK NIE!

DIE BELANGRIKHEID OM 'N BELOFTE TE EIS

Ek onthou eenkeer 'n paar jaar gelede, toe my twee seuns na my gekom het en my gevra het om iets vir hulle te doen—ek onthou nie nou wat dit was nie. Hulle was toe sowat 7 en 9 jaar oud. Ek onthou wel dat ek dit nie wou doen nie.

“Maar, Pappa, jy het *BELOWE*,” het hulle gesê, “en jy *MOET* JOU *BELOFTE* NAKOM.”

En toe het ek onthou dat ek wel *beloof* het. Wel, wat dink u? Dink u dat ek 'n *belofte* kon breek toe my twee seuns na my gekom het en dit so stel? Nee, en as u *God net so dapper vertel dat Hy beloof het* en dan daardie *belofte EIS* soos op u saak toepaslik is en God *VERTROU* om dit hou en ophou *bekommer* daarvoor—ophou probeer om geloof *op te werk*—net *ONTSPAN*, en *God* daarvandaan *laat* oorneem—dit met Hom laat—Hom dit laat doen—*sal Hy dit elke keer doen!*

Ek weet waarvan ek praat, want wat ek u nou vertel, het ek nie net eenkeer getoets nie, maar letterlik honderde en duisende kere, en *God het nog nooit eenkeer gefaal om Sy belofte te hou nie*. Ek het die antwoorde so dikwels en gereeld sien kom dat ek die antwoord verwag wanneer ek vra!

God *belowe* om in ons elke behoefte te voorsien—dat as ons *eers* die Koninkryk van God en sy *GEREGTIGHEID* soek—wat is om reg te *doen*—sal Hy elke *materiële* behoefte voorsien (Matthéüs 6:33).

HIERDIE WERK 'N LEWENDE VOORBEELD VAN GELOOF

Wel, hierdie einste Werk wat ons doen is 'n direkte antwoord op gebed! Hierdie Werk—*The World Tomorrow* uitsending, die *Plain Truth* tydskrif en *AMBASSADOR KOLLEGE*—wat nou tot nasionale en internasionale omvang en invloed gegroei het, het so klein begin as wat enige werk kon begin—letterlik van *NIKS*.

Dit was van die begin af 100 persent 'n *werk van GELOOF*—en ons moes werklik hierdie les van geloof *leer* voordat dit selfs begin het.

WAAROM MENSE 'N GEBREK AAN GELOOF HET

En nou, baie kortliks, *WAAROM* ons nie *GELOOF* het nie, *hoe* ons

dit kan kry, en hoe dit *vermeerder* kan word. So baie sê, “Wel, ek het geen indruk—ek het *geen gevoel, geen oortuiging*—dat ek ‘n antwoord sal kry nie.

Hulle wil wag totdat hulle ‘n sekere OORTUIGING kry, ‘n sekere GEVOEL, ‘n soort van *versekering* wat hulle kan VOEL—voordat hulle werklik glo dat hulle ‘n antwoord sal ontvang.

Maar DIT is *nie geloof nie!*

Dit is ‘n GEVOEL!

U gevoel, u oortuigings, u indrukke, het absoluut *niks* met GELOOF te make nie. GELOOF HET NET TE DOEN MET GOD SE WOORD! Die een vraag is, *Het God dit in die Bybel beloof?* As Hy het, dan *het* waarskynlikhede, moontlikhede, gevoelens, oortuigings en indrukke, *hoegenaamd niks daarmee te doen nie.* God het ‘n duisend maniere waarvan ons niks weet nie, om te antwoord en te voorsien wat ookal Hy beloof het. Ons het nie nodig om te sien HOE Hy dit gaan doen nie.

En dit is ‘n *ander ding*—Hy sal dit amper *nooit* op die MANIER doen soos ons verwag nie. So moenie *probeer* uitwerk hoe dit moontlik is vir God om dit te doen nie. U VERTROU BONATUURLIKE KRAG! GLO dan in daardie krag. God werk op geheimsinnige maniere om sy wonders uit te voer. Wat Hy beloof het, sal Hy uitvoer; maar Hy sal dit op SY manier doen, en op SY TYD. Los dit alles vir HOM en VERTROU HOM net. Maak staat op sy Woord.

GOD SE GAWE

En laat ons onthou, GELOOF is die GAWE VAN GOD.

So baie dink dat alles anders wat van God, kom Sy *gawe* is, maar die GELOOF wat vereis word om hierdie dinge te *ontvang* is iets wat ons onself op een of ander manier moet opwerk, of inspan en nastreef. Maar ons moet net ontspan en op

GOD VERTROU, selfs vir die GELOOF waardeur ons alles anders ontvang! (Efésiërs 2:8).

In Openbaring 14:12 is ‘n beskrywing van die *ware* Kerk van VANDAG. Diegene in hierdie Kerk het die GELOOF VAN JESUS. Let op, die GELOOF VAN JESUS! Dit is nie net *ons* geloof in HOM nie, maar Sy geloof—dieselfde geloof waarmee Hy Sy wonderwerke gedoen het—in *ons* geplaas en in ons *handel*.

Hoe kan u dit kry? Beweeg nader aan God. Leer God ken. Gee al die pad oor aan HOM, en doen sy wil. En BID dan. U leer Hom ken in GEBED. Ons is te na aan die materiële dinge. Deur GEBED, veel meer gebed, kan u nader aan GOD kom en die geestelike dinge. En wat 'n gelukkige, vreugdevolle ervaring is dit, sodra u dit regtig gedoen het.

Deel 2

Watter Soort Geloof is Nodig vir Verlossing?

GEEN ONDERWERP MET BETREKKING TOT CHRISTELIKE verlossing is meer algemeen misverstaan as dié van reddende geloof nie!

“GLO” net “in die Here Jesus Christus, en u sal gered word,” is die gewilde onderrig vandag.

En daardie stelling is absoluut waar—as u verstaan watter soort GLO vereis word!

Ongelukkig word miljoene mislei-gelei om te vertrou in ‘n geloof wat nooit een enkele siel sal red nie—deur ‘n baie gewilde en baie valse lering.

Dit is gebruikelik om net ‘n GEDEELTE van die Skrif oor hierdie onderwerp aan te haal—’n vals betekenis daarin te lees—en dus deur subtiele *halwe-waarhede*, boei gewilde lerings meeste van Christendom aan geestelike blindheid en misleidings.

WEERSPREEK HIERDIE SKRIFGEDEELTES?

God openbaar gewoonlik nie *al* die waarheid in verband met ‘n bepaalde onderwerp in enige enkele gedeelte alleen nie. “Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak?...[G]ebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier ‘n bietjie daar ‘n bietjie” (Jesaja 28:9-10). Om enige algemene onderwerp in die Bybel te verstaan, is dit nodig om *al* die skriftuurlike bewyse betreffende daardie

spesifieke onderwerp te aanskou. En ons kan nie ons geërfde of gewenste betekenis in enige spesifieke gedeelte inlees nie; want “geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitlegging is nie” (2 Petrus 1:20), maar elke gedeelte word geïnterpreteer deur, en in die lig van, *ander tekste*.

Byvoorbeeld. Dit is baie gewild om Romeine 3:20 aan te haal: “Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie,” en van hierdie gedeelte alleen aanvaar dat verlossing kom deur geloof, in *on gehoorsaamheid aan God se wet!* Diegene wat hierdie gedeelte so interpreteer vertel u nooit dat in Romeine 2:13 dieselfde Apostel Paulus geïnspireer was om te skryf: “Nie die hoorders van die wet by God geregverdig is nie, maar die *daders van die wet geregverdig sal word.*”

Is daar ‘n weerspreking hier? As die een skrifgedeelte bedoel is om te openbaar dat ons nie moeite hoef te doen om God se wet te gehoorsaam om geregverdig en dan gered te word nie—maar dat ons *gered* word deur geloof *sonder gehoorsaamheid aan God se wet*—dan, inderdaad, weerspreek God Homself in sy Woord! En as u wens dat Romeine 3:20 dit sê, moet u konsekwent erken daar is ‘n weerspreking in die Skrif, en as dit waar is, het u geen basis vir u geloof nie!

Weereens, Efésiërs 2:8-9: “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is ‘n gawe van God; *nie uit die werke nie*, sodat niemand mag roem nie.” Maar diegene wat hierdie teks so vrylik aanhaal om die leerstelling van “geen werke,” te onderrig, vertel u nooit dat dieselfde geïnspireerde Skrifgedeeltes ook sê: “Wat baat dit my broeders, as iemand sê dat hy geloof het, *maar hy het geen werke nie?*...Net so is ook die GELOOF, *as dit geen werke het nie*, IN SIGSELF DOOD...ek sal jou *UIT my werke my geloof toon*. Jy GLO dat God één is. Jy doen goed; *die duiwels glo dit ook, en hulle sidder*. Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof *sonder die werke DOOD IS?*” (Jakobus 2:14-20).

Daar is geen weerspreking hier nie!

Inteendeel, deur al die skrifgedeeltes oor hierdie onderwerp van “reddende geloof” saam te voeg, leer ons dat daar TWEE SOORTE geloof is. En die soort wat so blindelings deur die meerderheid van vandag vertrou word is niks meer as ‘n DOOIE geloof nie—en ‘n DOOIE geloof sal *nooit een siel red nie!* Let op!

Jakobus 2:20: “Geloof *sonder die werke is DOOD*”–net ‘n DOOIE geloof.

Jakobus gaan voort: “Is Abraham, ons vader, nie uit die werke GEREGVERDIG toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die GELOOF saamgewerk *het met sy werke* en dat die geloof volkome geword het uit DIE WERKE?...Sien julle dan nou dat DIE MENS GEREGVERDIG WORD UIT DIE WERKE en nie alleen uit die geloof nie?” (Jakobus 2:21-24). Word ons dan gered deur werke *in plaas van* geloof? Nee, NOOIT! Ons word gered deur GELOOF! Maar geloof funksioneer *met ons werke* en DEUR WERKE word ons GELOOF VERVOLMAAK! Dít is LEWENDE GELOOF!

Waarom *benodig* ons selfs redding? Want ons het GESONDIG, en die straf vir sonde is DOOD!

Maar *hoe* het ons gesondig? Wat is sonde, in elke geval? “Sonde is WETTELOOSHEID,” is God se antwoord (1 Johannes 3:4).

“Ja,” antwoord die slagoffer van moderne fabels, “Maar ons is nie onder die wet vandag nie, ons is ONDER GENADE!” Maar beslis! “Wat dan?” vra die geïnspireerde Paulus, “sal ons SONDE DOEN [die WET oortree], omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade?” En Paulus se antwoord is, “NEE, STELLIG NIE!” (Romeine 6:15). En weer, “Sal ons in die SONDE bly [oortreding van die wet], dat die genade meer kan word? NEE, STELLIG NIE! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” (Romeine 6:1-2).

Die wet het ‘n straf–DOOD. Dit eis die lewe van die een wie dit oortree. Die wet het die mag om die lewe van die oortreder te neem. Dit is daarom magtiger as die sondaar–en is oor die sondaar, hou ‘n eis op sy lewe. Dit is die SONDAAR wie ONDER die wet is. Maar wanneer die sondaar hom BEKEER van sy oortreding, en die opoffering van Christus as betaling van die *straf* van die wet aanvaar, dan word hy BEGENADIG–ONDER GENADE–die wet staan nie langer oor hom nie, eis nie sy lewe nie. Diegene wat steeds sondig, is steeds ONDER die wet! En diegene wie, deur bekering, gehoorsaamheid en GELOOF weggedraai het van ongehoorsaamheid en, deur geloof, die wet ONDERHOU, is die *enigstes* wie ONDER GENADE is!

GOD SE GEESTELIKE SPIEËL

Laat ons dit verstaan! “Uit die werke van die wet sal geen vlees

voor Hom geregverdig word nie,” Nee, verseker nie! Daardie Skrifgedeelte is 100 persent waar en daar is geen weerspreking nie! U kan nie geregverdig word DEUR die werke van die wet nie–geensins!

HOEKOM? Die laaste helfte van dieselfde vers gee die antwoord–waarom haal meeste predikante dit nooit aan nie? “Want deur die wet is die KENNIS van sonde” (Romeine 3:20). DIT IS HOEKOM!

Die doel van die wet is nie om te vergeef, te regverdig, weg te was, of om skoon te was nie. Slegs DIE BLOED VAN CHRISTUS kan dit doen! Die doel van die wet is om ons te vertel wat sonde is–om dit te definieer, om dit te OPENBAAR–sodat ons daarmee kan ophou. Sonde is die oortreding van die wet–dit is wat sonde is.

Alle vroue behoort dit te verstaan. In elke vrou se handsak is daar ‘n klein spieëltjie. Sy weet waarvoor dit is. Elke nou en dan haal sy hierdie spieël uit en steel ‘n blik na haar gesig. Somtyds wys dit ‘n vuil spikkel. En ons mag regtens sê, “deur die gebruik van hierdie spieëls word geen vuil gesigte skoon gewas nie.” U vrouens weet wat ons bedoel! Maar gooi u daarom u spieëls weg omdat u gesigte nie *deur dit* gewas word nie? Natuurlik nie–wat ‘n dom vraag, wanneer dit op ‘n MATERIËLE saak toegepas word! En as ons vra WAAROM u gesigte nie skoon gewas word deur u spieëls nie, antwoord u:”Want deur die spieël kom die KENNIS VAN DIE VUILHEID.”

God se WET is sy geestelike spieël. Ons kyk daarin, en ons sien die vuil op ons harte! Maar deur na die wet te kyk, of dit te hou, word geen vuil van ons harte GEWAS nie–slegs Christus se BLOED kan dit doen. Deur die wet kom die KENNIS VAN SONDE!

Luister hoe Jakobus dit verduidelik! “En word DADERS van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand ‘n hoorder van die woord is en nie ‘n dader nie, dié is soos ‘n man wat sy natuurlike gesig in ‘n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte WET van die vryheid *en daarby bly*, hy sal, omdat hy nie ‘n vergeetagtige hoorder is nie, maar ‘n DADER van die werk, gelukkig wees in wat hy doen”(Jakobus 1:22-25).

**IS DIT MOONTLIK OM
DIE WET TE ONDERHOU?**

“Maar,” argumenteer die “geen wet” bedrieër, “geen mens kan die gebooie hou nie. Dit is nie menslik moontlik nie. Sedert GELOOF gekom het, hou ons geen wet nie—geloof het dit NIETIG gemaak.”

Want die “Satan self verander hom in ‘n engel van die LIG. Dit is dus niks besonders wanneer SY DIENAARS hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie—want sulke mense is vals apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van *Christus*” (2 Korinthiërs 11:13-15).

“Maak ons dan die wet tot niet deur geloof?” kom die vraag in die geïnspireerde Skrif—en die antwoord: “NEE, STELLIG NIE! Intendeel, ons BEVESTIG DIE WET”! (Romeine 3:31).

Ja, geloof *bevestig* die wet! Deur dit te onderhou, word geloof *VERVOLMAAK*!

Tog, *kan* ons die gebooie hou? Is dit moontlik? Satan se “geen wet” bedrieërs sê NEE! Wat is die EENVOUDIGE WAARHEID?

‘n Man het na Jesus toe gekom en gevra hoe om gered te word. Die Redder het self geantwoord, “As jy die lewe wil ingaan, ONDERHOU DIE GEBOOIE” (Matthéus 19:17). “Toe sy dissipels dit hoor, was hulle baie verslae en sê: Wie kan dan gered word? Maar Jesus het hulle aangekyk en vir hulle gesê: By mense is dit onmoontlik, maar *by God is alle dinge moontlik*” (verse 25-16).

Daar is Christus se eie antwoord! By mense is dit onmoontlik—heeltemal onmoontlik om werklik sy gebooie te ONDERHOU. Maar—hier is die geseënde waarheid—MET GOD, is dit moontlik, selfs om sy Gebooie te onderhou. Begin u sien? DIT VAT GELOOF—geloof in die krag van GOD! En, net soos u eie ywerige poging tesame met geloof, geloof vervolmaak, so maak geloof tesame met u poging, PERFЕКTE GEHOORSAAMHEID! Die twee gaan hand-aan-hand. En u kan nie die een sonder die ander hê nie.

‘N LEWENDE GELOOF—die enigste soort wat sal RED—is ‘n *aktiewe* geloof—een wat GOD VERTROU om dit moontlik te maak om HOM te GEHOORSAAM—om die ware Christen lewe te leef—om sy geseënde gebooie te ONDERHOU!

Dink! Kon ‘n regverdige God mense beveel om te doen wat ONMOONTLIK is om te doen? Of kan ons Jesus beskou as ‘n

slim jong man wie meer as sy Vader geweet het, en wie met sy Vader se **GEBOOIE** weggedoen het? Hoe absurd! Tog is dit die gewilde denkrigting vandag!

DIE WET IS EWIG

God se wet is nie 'n aaklige monster nie! Regverdige en reg wette is net 'n terreur vir die krimineel-hulle is gemaak om die goeie te **BESKERM!** God se wet is **VOLMAAK** (Psalm 19:8), dit is 'n **GEESTELIKE wet** (Romeine 7:14), **HEILIG**, en regverdig, en goed (Romeine 7:12). **AL** sy bevele is **BETROUBAAR**, en is vasgestel **VIR ALTYD, EN VIR EWIG** (Psalm 111:7-8). Moenie mense glo as hulle u anders vertel nie!

God se wet is, eenvoudig, **LIEFDE!** Dit is die perfekte manier van lewe. Elke deel van menslike lyding, ongelukkigheid, ellende en dood het alleen gekom deur die oortreding daarvan! Dit was gegee om die mens **GELUKKIG** te maak, en is die *enigste* filosofie van lewe wat so kan doen! Dit het gekom van 'n God van **LIEFDE**, en **LIEFDE** is die *vervulling van die wet!* (Romeine 13:10).

Maar nie u eie natuurlike liefde nie! Dit vereis “die liefde van God...in ons harte uitgestort **DEUR DIE HEILIGE GEES**” (Romeine 5:5). God het, en sal u, die liefde wat sy **WET** sal vervul, gee. En so is dit moontlik vir die mens, deur **GELOOF** en die **GAWE** van God se Heilige Gees, om sy Gebooi te onderhou! En wie ook al anders beweer, noem God eenvoudig 'n **LEUENAAR** (1 Johannes 2:4).

Die ware gebooi-onderhouer word gedwing om God te vertrou om gehoorsaamheid moontlik te maak. En so maak geloof nie nietig nie, maar *vestig* die wet! En om die wet te onderhou vereis **GELOOF!**

'n Opwindende voorbeeld van hierdie ewige waarheid is aangeteken in die boek van Daniël. Nebukadnésar, koning van Babilon, het 'n groot goue beeld opgerig.

“En 'n uitroeper het hardop geroep: Julle word aangesê, o volke, nasies en tale, sodra julle die geluid hoor van die [orkes] ... moet julle neerval en die goue beeld aanbid. En hy wat nie neerval nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroord gegooi word” (Daniël 3:4-6).

Aangestel oor die sake van die provinsie van Babilon was Daniël se drie jong Joodse vriende, Sadrag, Mesag en

Abednego. Een van die Gebooie van God se ewige geestelike wet verbied sulke aanbidding van beelde.

As u in hulle posisie was, wat sou u gedoen het? Sou u nie gesê het, “Wel, ek moet voor hierdie beeld neerbuig—ek moet dit doen of dood gemaak word!” En miskien sou u, uself verskoon het deur so te redeneer: “Ek dink nie God sou billik wees indien Hy my sou straf vir dit nie, wanneer Hy weet ek word GEDWING om dit te doen. In elke geval, Hy sê ons moet aan die mag van die staat onderhewig wees!” Ja dit is maklik om redenasie te gebruik om ongehoorsaamheid aan God te verskoon. Maar God is nie opsoek na geleenthede om ons te straf nie—maar eerder vir geleenthede om ons, deur geloof, te RED—om ons te red van die dwaasheid van SONDE en die hartseer gevolge wat ons eie dade oplê!

God se wet is bedoel om ons teen lyding te *beskerm*. Wat ons ook al saai, sal ons maai. Dit is nie God wat ons straf wanneer ons verkeerd doen nie, dit is bloot ons eie dade wat op ons terugkom soos ‘n boemerang!

Maar hierdie drie jong Jode het die waarheid geken—dat ons GOD moet GEHOORSAAM eerder as mense, dat God dit moontlik maak deur GELOOF. Toe hulle standvastig GEWEIER het om neer te buig om die koning se beeld te aanbid, het Nebukadnésar in sy woede en toorn beveel dat hulle voor hom gebring word (vers13).

Luister na die na die stil, goedvertrouende, onverskrokke antwoord van hierdie seuns aan Nebukadnésar. “... As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond... o koning, verlos!” (verse 16-18).

Soms *toets* God ons geloof. Hy het hulle s’n getoets. U mag dink dat Hy hulle gefaal het, maar Hy het slegs toegelaat dat hulle geloof getoets word.

“Toe het Nebukadnésar baie woedend geword en sy gelaatstrekke het verander ... as antwoord het hy bevel gegee om die oond sewe maal warmer te maak as wat eintlik nodig was ... Toe is daardie manne geboei met hulle mantels, hulle broeke en hulle tulbande en hulle ander klere aan”—sekerlik sou die God op wie hulle vertrou het hulle *nou* vrygestel het? Maar nee—daar was geen fisiese bewyse van enige aard dat God selfs gehoor het nie! “[E]n hulle is binne in die brandende vuuroond gegooi” (verse 19, 21).

Die vuuroond was so warm dat die vlamme uitgespring het en “het die vlam van die vuur daardie manne wat Sadrag, Mesag en Abednego opgeneem het, doodgebrand”. En hulle het “geboeid binne-in die brandende vuuroond geval”!

God het toegelaat dat hulle werklik ingegooi word! Het Hy diegene verontagsaam wie Hom vertrou het om dit moontlik te maak om sy gebooie te onderhou? Nie God nie!

Die koning het in die vuuroond ingezyk, en gesê, “Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar ‘n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die viedre lyk soos dié van ‘n godeseun”! (vers 25). Toe het Nebukadnésar nadergekom na die opening van die brandende vuuroond en na hulle geroep.

“Sadrag, Mesag en Abednego, knegte van die allerhoogste God, gaan uit en kom hier! Toe het Sadrag, Mesag en Abednego uit die vuuroond gestap...daardie manne gesien dat die vuur geen mag oor hulle liggame gehad en die hare van hulle hoof nie geskroei het nie en dat hulle mantels geen verandering ondergaan en die reuk van die vuur nie aan hulle gekom het nie. Daarop het Nebukadnésar gesê: Geloofd sy God van Sadrag, Mesag en Abednego, wat sy engele gestuur en sy knegte VERLOS HET wat hulle OP HOM VERLAAT HET”! (verse 26-28).

DAAR WAS ‘n voorbeeld van *lewende* GELOOF—‘n geloof wat God VERTROU het om dit moontlik te maak om volgens sy wet te leef! Ja, MET GOD, is dit moontlik om al sy Gebooie te onderhou—moenie laat enigiemand u daarteenoor mislei nie!

KAN U CHRISTUS TEVERGEEFS GLO EN AANBID?

Wanneer God se Woord sê, “GLO in die Here Jesus Christus en jy sal gered word,” bedoel dit nie DOOIE geloof wat nou algemeen geleer word nie! Die algemene onderrig van vandag verdraai die betekenis hiervan na ‘n blote geloof in die FEITE van Christus se bestaan, sy opoffering, en sy reddende werk. Aanvaar net hierdie FEITE, en aanvaar HOM—sonder enige gehoorsaamheid aan God se wette! Maar die duiwels glo hierdie dinge—en hulle SIDDER—maar hulle word *nie* daardeur gered nie!

Christus was die BoodsAPPER van die Nuwe Verbond—‘n BoodsAPPER van God gestuur. U kan nie in so ‘n goddelike

Boodskapper GLO, tensy u die BOODSKAP wat Hy gebring het glo en gehoorsaam nie! “As jy in die LEWE wil ingaan,” was sy leer, “ONDERHOU DIE GEBOOIE”!

“BEKEER JULLE,” het die geïnspireerde Petrus gesê, “en julle SAL die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). God gee sy Heilige Gees slegs aan die wat HOM GEHOORSAAM (Handelinge 5:32). En sy Heilige Gees is die LIEFDE wat God ons gee om sy Gebooie te vervul en onderhou! En dit kom alles DEUR GELOOF!

Christus het gekom om ons te red VAN, en nie in, ons sondes nie! Om ons te BEVRY van die verslawing van sonde en die ongelukkigheid en ellende wat dit bring—nie om ons vry te maak om sonde te pleeg nie!

Is dit moontlik om in Christus te GLO—Hom te aanbid—in die gebruikelike manier van die dag, *en tog verlore te wees?* Christus het self gesê, “JA!”.

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil DOEN van my Vader wat in die hemele is.” (Matthéüs 7:21).

Hoor Hom weer!

“Maar TEVERGEEFS vereer hulle My deur leringe wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas!” (Markus 7:7-8).

Daar is dit! Uit Jesus se eie lippe! So ‘n dooie geloof—sulke aanbidding—is *tevergeefs!* Die wat daarin vertrou, en in die mense en denominasies wat dit leer, is *verlore!* En hoe gouer ons dit besef, hoe beter!

God se DOEL in verlossing is om die mens van SONDE te red, en die gevolglike ongelukkigheid, ellende en dood! Om te BEKEER van sonde is die eerste stap! Dan, op aanvaarding en geloof, maak die BLOED VAN CHRISTUS ons skoon van alle sondes van die verlede. En deur GELOOF word ons van sonde bewaar in die toekoms. Die gevolglike geregtigheid is dus van GELOOF—die geregtigheid wat *van God oorgedra word.*

Ons word nie DEUR DIE WET geregverdig nie—ons word deur die bloed van Jesus Christus geregverdig! Maar hierdie regverdiging sal slegs gegee word op voorwaarde dat ons, ons BEKEER van die oortreding van God se wet—en so is dit, immers, slegs die DADERS van die wet wat GREGVERDIG sal word (Romeine 2:13).

Hoe duidelik en hoe mooi is God se WAARHEID!

KONTAK INLIGTING

Om die Filadelfia Kerk van God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:

POSADRESSE WÊRELDWYD

Verenigde State: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 3700, Edmond, OK 73083

Kanada: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 400, Campbellville, ON L0P 1B0

Karibiese Eilande: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

Brittanje, Europa, Midde-Ooste: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 16945, Henley-in-Arden, B95 8BH, United Kingdom

Afrika: Philadelphia Church of God, Postnet Box 219,
Private Bag X10010, Edenvale, 1610, South Africa

Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande:
Philadelphia Church of God, P.O. Box 293,
Archerfield, QLD 4108, Australia

Nieu-Seeland: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 6088, Glenview, Hamilton 3246

Fillipyne: Philadelphia Church of God, P.O. Box 52143,
Angeles City Post Office, 2009 Pampanga

Latyns-Amerika: Philadelphia Church of God,
Attn: Spanish Department, P.O. Box 3700,
Edmond, OK 73083, United States

SKAKEL IN BY ONS

Besoek ons webwerf: www.dieBasuin.com

E-mail: briewe@dieBasuin.com

Last updated on January 12, 2018
AFRIKAANS—What Is Faith?